# KINDERVRIENDE GROET



Oudpres. Nelson Mandela en prinses Caroline van Monaco gister by die Nelson Mandela-stigting in Johannesburg. 'n Besonder skraal Caroline het besorg om Mandela gekloek. "Dit is 'n spesiale eer om hier te wees," het sy gesê. "Hy is 'n lewende voorbeeld van wat mense kan bereik." Die oudpresident was vol grappies en het gesê dat hy die prinses se familie ontmoet het toe hy president was. "Baie vriendelike en kleurvolle mense," het hy hulle beskryf. Caroline is op 'n besoek van twee week aan Afrika as president van die Wêreldvereniging van die Vriende van Kinders (Amade). Foto: REUTERS